



Oosie N U U S



ONS OOSIE WÊRELD

01/2025

6 Januarie 2025

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Welkom terug by Hoërskool Oos-Moot vir die jaar 2025!

Dit is 'n groot voorreg om weer saam met ons wonderlike skoolgemeenskap 'n nuwe jaar aan te pak. Oos-Moot bly 'n plek waar Afrikaanse waardes en karakter hoog geag word en waar ons leerders in 'n omgewing van ondersteuning en respek kan groei.

Ons waardeer die ongelooflike ouerondersteuning en betrokkenheid wat julle steeds bied. Julle samewerking en positiewe gesindheid speel 'n sleutelrol in die sukses en leerervaring van ons leerders.

Mag hierdie nuwe jaar vir julle en julle gesinne vol geleenthede, vreugde en seën wees. Ons sien uit daarna om saam nog hoogtes te bereik en om 2025 'n jaar van sukses vir ons leerders en gemeenskap te maak.

Oos-Moot groete

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF

BELANGRIKE DATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN GRAADVOOGDE/-HOOFDE

Die 2025 dagboekaktiwiteite is in die leerders se dagboeke beskikbaar sowel as op die skool se [webwerf](#). Let wel: datums van aktiwiteite kan verander as gevolg van omstandighede.

BELANGRIKE DATUMS

- 12-14 Januarie : Gr.8 – Kamp
- 13 Januarie : Skool open (Personeel)
- 14 Januarie : 2024 Matriekuitslae
- 15 Januarie : Skool open (Leerders)
Gr.8 - Ouervergadering (18:00) (saal)
- 16 Januarie : FOTODAG 1 (individuele foto's)
Gr.9 tot 12 Ouervergadering (18:00) (skoolsaal)
- 17 Januarie : Atletiek Interhuis
Interhuis Sokkie
- 20 Januarie : Gr.8 – Swemgala (14:30)
- 27 Januarie : Gr.8 Groentjekonsert optrede (vir leerders)
- 28 Januarie : Gr.8 Groentjekonsert optrede (vir ouers)
- 29 Januarie : Akademiese Prysuitdeling
- 19 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.10 tot 12-leerders
- 24 Februarie : Toetsreeks begin vir gr.8 en 9

BELANGRIK

- **Met verwysing na die POPIA Wet (Beskerming van persoonlike inligting) wil ons leerders, ouers en personeel daaraan herinner dat **PERSOONLIKE KONTAKNUMMERS NIE UITGEGEE MAG WORD**, tensy die persoon aan wie die nommer behoort **PERSOONLIK TOESTEMMING** daartoe verleen het.**
- Maak asseblief gebruik van die skool se telefoonnommer, e-posadres of personeel se skool e-posadres soos beskikbaar op die skool se webwerf.

KONTAKBESONDERHEDE E-posadresse vir die res van die personeel is op die skool se webwerf.	GRAADVOOGDE Afwesighede en die uitteken van leerders word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers.
Hoof: Me Susan Theron (diehoof@oos-moot.co.za) Adjunkhoof: Me Hanlie van Staden (vanstadenh@oos-moot.co.za) Adjunkhoof: Mnr Fraser Parker (f.parker@oos-moot.co.za) Dissipline: Me Mariane Haasbroek (c.haasbroek@oos-moot.co.za) Maatskaplike werker: Me Janine Olivier (j.olivier@oos-moot.co.za) Finansies en Oosie-klerewinkel: Me Annalize Jacobs (finansies@oos-moot.co.za) Bemarking: Me Chriselda Meyer (bemark@oos-moot.co.za) Kultuur: Me Lee Bouwer kultuur@oos-moot.co.za Sport: Mnr Braam Pretorius (sport@oos-moot.co.za) Klerebank: Me Karin Badenhorst (klerebank@oos-moot.co.za)	Graad 8 - Me Janine Botha (j.botha@oos-moot.co.za) of 066 416 6252 Graad 9 - Me N Pfeil (n.pfeil@oos-moot.co.za) of 064 884 6059 Graad 10: Me T Ferreira (Kw.1) (t.ferreira@oos-moot.co.za) of 079 207 0022 Graad 10: Me Z de Klerk (Kw. 2,3,4) (z.deklerk@oos-moot.co.za) of 079 207 0022 Graad 11: Me M Gillies (m.gillies@oos-moot.co.za) of 079 208 4632 Graad 12: Me M Grové (m.grove@oos-moot.co.za) of 079 207 4415

Die Oosie-span is gereed vir 2025. Raadpleeg asseblief altyd eers die skool se nuusbrieff en webwerf indien u na belangrike inligting op soek is.

SKOOLURE

- Maandae tot Donderdae : 07:25 tot 14:00
- Vrydae : 07:25 tot 13:35

NUWE PERSONEEL

Ons verwelkom graag die nuwe permanente personeel, die aflospersoneel wat instaan vir personeel asook ons assistentpersoneel.

Nuwe personeel	Vak
Jacques Boshoff	LO/Engels FAL
Michael du Preez	IT/RTT
Lize van Dyk	Natuurwetenskap
Maria du Plessis	Kuns/Tegnologie en LO
Juané Geldenhuys	Wiskunde

Aflospersoneel	Vak
Esti Reid	Afrikaans HL
Karin Badenhorst	Geografie
Isobet Oberholzer	Engels FAL
Sonja Poolman	Lewenswetenskap
Caylin Hammond	Afrikaans HL

Onderwysassistente
Ninette de Wet
Franco Massyn
Shani Rademeyer
Charlize Stötter

SELFOONVRYE SKOOLOMGEWING

Oos-Moot is sedert 2024 'n selfoonvrye skoolomgewing. Ons glo dat hierdie beleid leerders help om hul volle aandag aan hul studies, onderrig en sosiale interaksie te gee sonder afleidings. Dit moedig ook gesonde kommunikasie en fokus aan.

Reëlins

- Alle leerders se selfone moet heeltemal afgeskakel (nie op *silent* gestel nie) en gebêre wees wanneer hulle by die skoolterrein inkom.
- Die selfone bly vir die volle duur van die skooldag afgeskakel, insluitend pouses.
- Indien 'n selfoon gesien word, lui of vibreer, sal dit gekonfiskeer word.
- Gekonfiskeerde selfone kan na een week (5 skooldae) slegs deur 'n ouer by die skool afgehaal word. 'n Bedrag van R100 per toestel is betaalbaar vir stoorkoste.
- Indien 'n leerder gedurende die skooldag ongestel voel of siek word, meld hulle by die graadvoog aan, waarna die skool u direk sal kontak.

Selfoon- en sosiale media gebruik deur leerders

'n Skrywe om die Skoolbeheerliggaam en die skool se Bestuurspan se standpunt oor die gebruik van selfone- en elektroniese kommunikasie apparate en sosiale media aan u uiteen te sit en om enige misverstande uit die weg te ruim is aangeheg as **Aanhangsel A**. Dit sal per e-pos aan ouers uitgestuur word en op die skool se webwerf beskikbaar gestel word.

OUERINLIGTINGSAADE

Ons herinner graag ons ouers en leerders aan die ouerinligtingsaande vir elke graad (**sien belangrike datums**). Maak asseblief seker dat julle dié datums oophou, sodat almal weet presies wat nodig is om die jaar suksesvol aan te pak.

SKOOLFONDS 2025

By die Algemene Jaarlikse Ouervergadering in November 2024 is die skoolfonds vir 2025 vasgestel.

Debietorders

Wil jy jou skoolfonds maklik betaal? Ons het 'n handige debietorderstelsel beskikbaar. Kontak me. A Jacobs by finansies@oos-moot.co.za as jy belangstel.

Kontantlose skoolomgewing

Ons beweeg na 'n kontantlose stelsel by die skool. Dit beteken ons aanvaar sover moontlik nie meer kontantbetalings vir skoolfoeie, aktiwiteite of enige ander uitgawes nie. Vir meer [inligting](#) volg die skakel na die skrywe in hierdie verband.

Nuwe bankbesonderhede

Die skool se bankrekening is in November 2024 oorgedra na First National Bank. Die besonderhede vir die nuwe rekening is soos volg:

Rekeningnaam	:	Hoërskool Oos-Moot
Bank	:	First National Bank (FNB)
Rekeningnommer	:	63124628041
Takkode	:	210835

Enige navrae kan gerig word aan ons finansiële kantoor (finansies@oos-moot.co.za).

UITTEKENPROSEDURE

Hierdie prosedure sal **streng gevolg word** en 'n leerder sal die skoolterrein nie kan verlaat voor die proses nie afgehandel is nie.

Sover moontlik moet daar asseblief **GEEN AFSPRAKE GEDURENDE SKOOLURE** gemaak word nie. 'n E-pos of WHATSAPP met die bewys van die afspraak (tandarts-, lisensie-afspraak ensovoorts) moet asseblief **TWEE DAE** voor die afspraak na die graadvoogde gestuur word vir goedkeuring en kennisname:

Dag voor die afspraak:

1. Leerder gaan haal die **uittekenbrief**, tydens **voogperiode** by die spesifieke graadvoog af.
2. Die uittekenbrief moet ook onderteken word deur die onderwysers wie se klasse die leerder op die afwesige dag nie sal kan bywoon nie om te verseker dat die leerder al sy huiswerk ontvang het.

Dag van die afspraak:

1. Wanneer die tyd of periode aanbreek om die skool te verlaat, neem die leerder die uittekenbrief na die skool se ontvangskantoor.
2. Leerder teken uit en ontvang 'n briefie om die skoolterrein te verlaat.

3. Geen leerder sal tydens lestyd, toetse of eksamens uitgeroep word nie.
4. OUIERS MOET DIE LEERDERS SELF BY DIE SKOOL KOM HAAL.

Geval waar ouer nie self leerder kan afhaal nie

Indien 'n ouer nie self die leerder kan kom haal nie moet die volgende dokumentasie saam met die uittekenbrief by die ontvangs ingehandig word:

- 'n Afskrif van ouer se ID.
- Volledige besonderhede en afskrif van ID van die persoon wat die leerder kom haal. Ouers se kontaknommer moet verskaf word vir verifiëringsdoeleindes.

Siekte en/of besering tydens skoolure:

- Geen leerder mag van 'n selfoon af bel indien hy/sy siek of beseer word gedurende skoolure nie.
- Leerders moet tydens wisseling na die graadvoog gaan of in 'n dringende geval na die kantoor. Andersins moet toestemming gedurende klastyd van die onderwyser verkry word om na die ontvangs te gaan, waarna die korrekte prosedure gevolg sal word.

ONTVANGSKANTOOR

Ons vra mooi dat ouers asseblief nie pakkies van enige aard by die ontvangskantoor aflewer nie, behalwe in noodgevallen wanneer dit by medikasie kom. Ons aanvaar nie items soos kospakkies, boeke, klere, kontant, geskenke, blomme of selfone nie. Dankie vir almal se begrip en samewerking.

OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS

- Leerders word nie, voor en tydens skoolure, binne die skoolterrein op- en/of afgelaai nie.
- Gebruik asseblief die parkeerruimtes buite die skool.
- Moet asseblief nie voor ingangshekke stop of dubbelparkeer nie.
- Moet asseblief nie voor die ingange van privaateiendom rondom die skool parkeer nie.
- Aktiwiteite na skool: Parkeer op die aangewese areas, nie in die straat nie.
- Sport/kultuuraande: Gebruik die parkeerplek by die skoolsaal/kafeteria of krieketklubhuis.

TOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN

Toegang vir ouers en besoekers

- Geldige ID moet gewys word by toegang.
- Meld aan by ontvangs vir alle besoeke of aflewerings.
- Geen ouer of besoeker mag gedurende skoolure, binne die skoolterrein beweeg sonder dat hul by ontvangs aangemeld het nie.
- Geen leerders mag op sportgronde wees sonder toesig van personeel nie.
- Hekke sluit 15 min na skool vir leerders om te vertrek.
- Ouers van kinders wat nie Oos-Moot leerders is nie, bly verantwoordelik vir hul gedrag op die skoolterrein.

PARKERING BINNE DIE SKOOLTERREIN

Personeel en leerders

Parkering (05:00 tot 14:30) binne die skoolterrein is slegs vir personeel en leerders wat in besit van 'n geldige bestuurslisensie is. Leerders met 'n wettige bestuurslisensie moet 'n parkeerpermit by mnr H Badenhorst kry en dit moet in die ruit van hul voertuig vertoon word.

SKOOLDAGBOEKE VIR LEERDERS

Elke leerder kry aan die begin van die jaar 'n 0 skooldagboek. Ons versoek dat die dagboeke asseblief elke dag by die skool sal wees. Leerders moet die **klas verlaatvorm (in die dagboek)** voltooi wanneer hulle 'n klas verlaat. Belangrike inligting ten opsigte van die ontruimingsplan in geval van nood, skoolreëls, gedragskode en skooldrag is ook in die dagboek uiteengesit.

HOE ONS KOMMUNIKEER

Weeklikse nuusbrief

Ons stuur elke week 'n nuusbrief uit aan ons ouers, personeel en leerders. Ouers kry 'n skakel na die nuusbrief wat op die skool se webwerf geplaas word, en al die nuusbriewe bly die hele jaar beskikbaar. Lees asseblief die brief om te verseker dat u op hoogte bly van belangrike inligting wat deurgegee word.

Laat weet die skool asseblief van enige veranderinge ten opsigte van u e-posadres.

WhatsApp

Graadvoogde stuur belangrike kommunikasie via Whatsapp na die ouers.

D6 Connect-toep (App)

Die skool gebruik die d6 Connect toep. Dit is die skool se hoofstelsel waar alle belangrike inligting oor ons leerders gehou word. Dit sluit in akademiese punte, kommunikasie tussen die skool en ouers, nuusbrief, afwesighede, dissipline en nog vele meer.

Ouers het toegang tot sekere inligting via die [d6 Connect](#) toep – so registreer asseblief. Kry meer inligting en die stappe om te registreer op die skool se [webwerf](#).

Sosiale Media (Facebook/Instagram)

Kom kyk gerus op ons Facebook- en Instagram-bladsye vir 'n dag-tot-dag kykie in die lewe van ons Oosies! Hier deel ons informele Oosie-nuus en foto's. Jy sal die skakels op die skool se webwerf kry – gaan "like" ons Facebook-blad en volg ons op Instagram!

Webwerf

Ons [webwerf](#) word gereeld opgedateer met belangrike inligting oor die skool, bv. Akademie (vakinligting, toetsroosters), Sport (programme en uitslae) en Kultuuraktiwiteite (inligting en prestasies) en nog vele meer. Besoek gerus die webwerf!

FOTODAG – INDIVIDUELE FOTO'S

Die eerste fotodag vir 2025 is op 16 Januarie 2025.

Dit is belangrik dat 'n individuele foto van elke leerder geneem word, aangesien die foto's in die skool se jaarblad en ander media gebruik word.

Reëlings

- Individuele foto's word van **alle leerders** en **alle personeel** geneem.
- Die skooldag en klaswisseling gaan soos normaal voort.
- **Alle leerders moet afgeneem word.**
 - Indien ouers NIE toestemming verleen vir die gebruik van die leerder se foto nie moet 'n brief aan die skool gerig word waarin die rede daarvoor gemeld word.
 - Die leerder se foto sal egter steeds geneem word, aangesien die ouer die foto kan aankoop.
- Prestige Photographers (fotografe) stuur bestelvorms uit waar foto's elektronies bestel en betaal kan word.
- Geen familiefoto's word geneem nie.
- Leerders moet korrek en volgens die skoolreëls geklee wees.

Kleredrag

Graad 8 tot 11	VLR	Graad 12	Matriekraad
<ul style="list-style-type: none"> • Somersdrag • Kleurbaadjie 	<ul style="list-style-type: none"> • Somersdrag • VLR-das • Kleurbaadjie 	<ul style="list-style-type: none"> • Somersdrag • Matriekdas • Kleurbaadjie 	<ul style="list-style-type: none"> • Formele drag

Let wel: Geen penningbaadjie word geleen vir enige foto nie.

LEERDERS SE MEDIESE INLIGTING

Om dit vir ons moontlik te maak om vinnig en korrek op te tree in noodgevalle, vra ons dat ouers asseblief enige gesondheidsinligting ten opsigte van hul kinders met die skool deel.

- Allergieë (soos kosallergieë)
- Kroniese medikasie
- Langtermyn mediese toestande (soos epilepsie, diabetes, ens.)

Stuur asseblief die volgende besonderhede na ontvangs@oos-moot.co.za:

- Jou kind se volle name en van
- Graad en klas
- Jou volle name en van

Dankie vir jou samewerking – dit maak regtig 'n verskil!

OOSIES SE VOORKOMS

Ons Oosies dra hul skooldrag met trots en ons glo ons Oosies gaan weer net so netjies wees soos altyd. Werk asseblief saam met u kind deur die voorkomsreëls soos in die leerderdagboek en op die webwerf uiteengesit.

AKADEMIE

Akademiese uur

Die akademiese uur is ingestel om die leerders wat met sekere werk sukkel te help. Dit is GRATIS en is elke Woensdag vanaf 14:00 tot 15:00. Onderwysers is beskikbaar in hulle klasse om hulp te verleen.

Graad	Onderwyseres	Lokaal
8	Me Nicole Louw (Smith) Me Alitzia du Plessis	G1 T11
9	Me Mariana Pretorius Me Lecrishia Eksteen	K72 T9
10	Mnr Drico Snyman	K14
11	Me Chené Botha Me Juané Geldenhuys	K47 T2
12	Me Stefanie vd Wetering Me Christel Venter	K15 K16

Google Classroom

Graad 8's en nuwe leerders, moet asseblief registreer vir Google Classroom. Besoek die [webwerf](#) vir die STAP-VIR-STAP video's. Elke leerder het 'n skool e-posadres: wat bestaan uit die leerder se **toelatingsnommer@oos-moot.co.za** (bv. **8888@oos-moot.co.za**). Jou toelatingsnommer is op die d6 Connect-app beskikbaar.

Wiskundesentrum

GRATIS Wiskundesentrumklasse word vir al ons leerders aangebied. Die klasse help leerders met werk van die vorige week en enige probleme wat hul met Wiskunde het. Navrae kan gerig word aan me C Venter (c.venter@oos-moot.co.za).

Graad	Onderwyseres	Lokaal
8	Me Nicole Louw (Smith) Me Chardoné Labuschagne	G1 K73
9	Me Mariana Pretorius Me Lecrishia Eksteen	K72 T9
10	Mnr Drico Snyman	K14
11	Me Chené Botha Me Juané Geldenhuys	K47 T2
12	Me Stefanie vd Wetering Me Christel Venter	K15 K16

Wolkskool

Wat is Die Wolkskool?

- 'n Platform met video-lesse, werkkaarte en assesserings – alles ontwikkel deur professionele onderwysers.
- Jy kan lesse oor en oor kyk, op jou eie tyd en pas, van enige plek af.
- Elke leerder kry 2GB data per maand wat net vir Die Wolkskool gebruik kan word.
- Ouers kry wekklis 'n verslag oor hul kind se vordering per e-pos.

Hoe werk dit?

Die skool registreer jou op Die Wolkskool.

Hoekom is dit 'n wenner?

Onderwysers gebruik dit om te sien waar die kind dalk sukkel en help hul betyds om op dreef te kom.

Waar kan ek meer inligting kry oor Wolkskool?

Besoek die skool se [webwerf](#).

BELANGRIKE DOKUMENTASIE VIR OUIERS

Die volgende dokumentasie word in die eerste week van Januarie 2025, in harde kopie, aan die leerders uitgegee en moet **voor of op 31 Januarie 2025** na die klasvoog teruggestuur word.

- Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
- Skoolfonds betalingsooreenkoms
- Gedragskode

SLUITKASTE (“LOCKERS”) 2025

Sluitkasbesprekings en -betalings vir 2025 open in Januarie 2025 en die senior leerders kry die eerste geleentheid om hul sluitkaste te bespreek.

Die volgende sluitkaste is beskikbaar:

Gewone sluitkaste	:	R180 per sluitkas (vir handboeke, skrifte, ens.)
Sportsluitkaste	:	R220 per sluitkas (vir sporttoerusting, ens.)
IGO-sluitkaste	:	R220 per sluitkas (vir IGO-leerders graad 10 tot 12)

Bespreking

- 'n **EFT-betaling** word gedoen met die volgende verwysing: Leerder se naam en van, graad. Leerders wat met 'n **kaart wil betaal**, moet dit by die **finansieskantoor** doen.
- Leerder bespreek volgens graad, op die datum hieronder genoem, die spesifieke sluitkas by die personeellid aangedui.
- Bespreking word gedoen met die bewys van betaling.
- Die datums vir die besprekings is soos volg en sal gedurende skoolure geskied.

IGO-sluitkaste (graad 10 tot 12)

Graad	Datum	Personeellid en klaskamernommer
12	16 Januarie	Mnr R Groenveld (K95)
11	17 Januarie	Mnr R Groenveld (K95)
10	20 Januarie	Mnr R Groenveld (K95)

Gewone- en sportsluitkaste

Graad	Datum	Personeellid en klaskamernommer
12	16 / 17 Januarie	Me Edwards (K75)
11	20 / 21 Januarie	Me Edwards (K75)
10	22 / 23 Januarie	Me Edwards (K75)
9	24 / 27 Januarie	Me W Kalp (K17)
8	28 / 29 Januarie	Me W Kalp (K17)

SPORT**Kontakbesonderhede**

- Visehoof: Sport – Mnr Braam Pretorius (sport@oos-moot.co.za).
- Die onderskeie sportsoorte se e-posadresse is op die skool se webwerf beskikbaar onder [Sport](#).

Sportinligting

Die volgende inligting vir die onderskeie sportsoorte is op die skool se [webwerf](#) beskikbaar en/of in die leerderdagboeke. *Inligting word op die webwerf geplaas soos dit ontvang word.*

- Oefentye
- Wedstryddatums/-bepalings
- Wedstryduitslae
- Prestasies (binne skoolverband)
- In die [nuusbrieff](#) sal slegs veranderinge en belangrike inligting ten opsigte van 'n sportsoort uitgelig word.

Atletiek – Interhuis (17 Januarie 2024)

Die reëlins ten opsigte van die Interhuis is soos volg:

- Dit is 'n amptelike skooldag vir alle leerders. Leerders wat afwesig is, moet die skool asseblief van 'n doktersbrief voorsien.
- Leerders kom geklee volgens hul atletiekhuisindeling of in Oosie-drag.
Atletiekhuisindeling en drag

VAN	ATLETIEKHUIS	KLEUR
A - G	AMPTENARE	LIG BLOU
H – R	BURGERS	GEEL
S - Z	HEEMRADE	WIT

- Leerders begin met voogperiode waarna hul na die atletiekveld sal beweeg.
- Die interhuisprogram eindig om 15:00.
- Toeskouers en ouers is welkom.

Leerders moet asseblief die volgende saambring vir die dag:

- sonskerm
- hoed
- waterbottel
- geld vir snoepie

Atletiek – Hulpverlening tydens byeenkomste

Ons is reeds besig om voorbereiding te doen vir 2025 se atletiekbyeenkomste. Ons benodig tydens die volgende byeenkomste produkte en hulp van ons ouers. Ons is afhanklik van elke ouer se hulp om hierdie byeenkomste suksesvol aan te bied. Die skrywe met volledige inligting is per e-pos na ouers gestuur en beskikbaar op die skool se [webwerf](#).

Datum	Tyd
17 Januarie 2025	INTERHUIS
7 Februarie	Mootbyeenkoms
14 Februarie	Valentynsbyeenkoms

KULTUUR

Kontakbesonderhede

Die e-posadres vir ons Visehoof: Kultuur is kultuur@oos-moot.co.za. Kultuur skop die jaar af met verskeie oudisies:

Datum	Aktiwiteit
21 Januarie	Revue (Gr.8 en nuwe leerders)
23 Januarie	All Stars (Gr.8 en nuwe leerders)
3 Februarie	Tienertoneel
4 Februarie	Rasieleiers (Gr.8 en nuwe leerders)

SOSIAAL

Interhuis Sokkie – 17 Januarie 2025

Oosies trek jul dansskoene aan en kom geniet die EERSTE sosiale geleentheid vir 2025.

Graad 8's die sokkie is verpligtend vir julle.

Tyd	:	18:00
Plek	:	Skoolsaal
Tema	:	80's Rockbands
Kaartjies	:	R50 per persoon. Verkope open 15 Januarie by die finansieskantoor.
Kosverkope	:	Kosstalletjies

BUIPRESTASIES

Ons moedig ons ouers aan om die buiteprestasies van ons leerders met ons te deel. Volg die onderstaande skakels (klik op die prentjie) en voltooi die vorms volledig vir u kind om in aanmerking te kom vir erkenning tydens die jaarliks Sport- en Kultuurprysuitdelings.

Let wel: Buiteprestasies word nie in ons sosiale media geplaas nie.

Klik asseblief die onderstaande skakels en voltooi die Google vorms volledig.



ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2024

Die nuusbrieff word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brieff word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.

Kostes vir 'n A6 advertensie

1 plasing per maand	R350
2 plasings per maand	R500
3 plasings per maand	R700
4 plasings per maand	R900
Plasing vir die hele jaar	Maandelikse bedrag x 11 (% afslag)

*A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.

Formaat

- Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.
- Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).
- Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.
- 'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.
- Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.

Stel jy belang?

Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za

Hoërskool Oos-Moot

HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za



Januarie 2025

Geagte Ouer/Voog

SELFOON- EN SOSIALE MEDIA GEBRUIK DEUR LEERDERS

Hierdie skrywe word aan u gerig om die Skoolbeheerliggaam en die skool se Bestuurspan se standpunt oor die gebruik van selfone- en elektroniese kommunikasie aparate en sosiale media aan u uiteen te sit en om enige misverstande uit die weg te ruim

1. HOOFPUNTE

Die hoofpunte wat ons graag wil hê u moet op let en van kennis neem is die volgende:

1.1 Skool

- a) By die skool geld die “klok-tot-klok” reël met ander woorde selfone word afgesit sodra die eerste klok lui, buite sig gebêre en eers weer aangesit nadat die laaste skoolklok gelui het aan die einde van die skooldag.
- b) Dit is verbode om toegang te verkry tot sosiale media op selfone en ander elektroniese toestelle sonder die geldige toestemming van die leerder se toesighoudende opvoeder gedurende die skooldag.
- c) Leerders moet verwag dat hulle selfone/elektroniese toestelle gekonfiskeer mag word indien hulle die skoolreël uiteengesit in paragraaf 1.1 a) oortree. Dit is ‘n voorreg (en nie ‘n reg nie) om ‘n selfoon by die skool of tydens enige skoolaktiwiteit in hulle besit te hê.
- d) In ‘n noodgeval kan u as ouer steeds via die kantoor met u kind kontak maak. Leerlinge wat tydens skoolure ‘n krisis het, kan dit ook by die kantoor aanmeld sodat u as ouer gekontak kan word.
- e) Herinner u kind om by die skool se selfoonbeleid te hou en sodoende te verseker dat sy/haar selfoon nie gekonfiskeer hoef te word nie.

1.2 Algemeen

- a) Ondersteun u kind om net kontaknommers op sy/haar foon te stoor, slegs oproepe te maak en op boodskappe te reageer/beantwoord as hy/sy weet hulle kan die ander persoon vertrou.
- b) Aanlyn-kontak met vreemdelinge kan gevaarlik wees. Waarsku u kind aangaande die gevare daaraan verbonde – soms sal ‘n vreemdeling eers hulle vertrou probeer wen en hulle geleidelik gereed maak (“grooming”) vir onaanvaarbare en gevaarlike praktyke wat u kind se lewe in gevaar kan stel.
- c) Beklemtoon die belangrikheid daarvan dat u kind moet dink voordat hy enige inhoud aanlyn plaas. Dit kan tot misverstande en groot ongelukkigheid lei.

Bladsy 1 van 4

H/S OosMoot: Selfoon en Sosiale Media gebruik deur leerders

- d) In terme van die Wet op die Onderskepping van Inligting en die Voorsiening van Kommunikasie- en Verwante Inligting (“RICA”), moet alle SIM kaart nommers en selfoonnommers van persone geregistreer word ingevolge die genoemde Wet. Dit beteken as u kind enige wetgewing oortree met die gebruik van sy/haar foon is u as ouer wat die foon gekoop het en “geRICA” het net so verantwoordelik vir enige plasinge as u kind en kan u vervolg word.
- e) Dit beteken ook nie dat u kind enige plasing kan maak en dit as, “vryheid van spraak” verdedig nie. Ingevolge artikel 36 van die Grondwet is daar beperkings op regte van persone waarvan een die vryheid van spraak is.
- f) Die Suid-Afrikaanse hofe het in verskeie regsuitsprake beklemtoon dat persone aanspreeklik gehou kan word vir op-/of aanmerkings, plasinge op sosiale media, dat ouers en kinders voor die hof gedaag kan word en ‘n kostebevel teen hulle gemaak kan word.
- g) Selfs die persoon wat die plasing ontvang kan ook krimineel aanspreeklik gehou word as deel van die ketting van publikasie.
- h) ‘n Ander waarneming van die skool is dat sommige leerders woorde gebruik wat onweloweglik en onaanvaarbaar is omdat dit deel van hulle daaglikse taalgebruik is met ander leerders. Hulle besef dan nie dat hulle onweloweglike taalgebruik ‘n oortreding van die skool se gedragskode en beskaafde kommunikasie is nie.
- i) Bring dit asseblief onder u kind se aandag dat die deelname aan enige aanlyngesprek ook gesien kan word as aanlyn kuberboelie/mishandeling/sekskletse. Dit kan iets eenvoudig wees om net iets te “like” wat onvanpas is.
- j) Sekskletse word omskryf as wanneer enige persoon boodskappe van enige seksuele, immorele aard en/of visuele ontblotende beelde, klankopnames en selfs skakels na sekere plasinge op sosiale media versprei en/of afneem/opneem op ‘n selfoon en/of dit ook verder op sosiale media op enige manier plaas en/of versprei.
- Ons as skoolbestuur is besorg omdat dit al hoe meer voorkom onder leerders en sulke plasinge kan die veiligheid van leerders bedreig asook geleenthede tot toegang tot toekomstige tersiêre onderrig of ‘n toekomstige loopbaan beïnvloed omdat dit as ‘n onwettige daad beskou word.
- k) Om inhoud op sosiale media te plaas (“publish”) beteken die plasing van enige boodskap, opmerking, “like”, om iemand as ‘n vriend toe te laat op enige sosiale platform soos Facebook, Snapchat, WhatsApp ens., enige

Bladsy 2 van 4

H/S OosMoot: Selfoon en Sosiale Media gebruik deur leerders

klankopname, enige onwelvoeglike of lasterlike afbeelding, en enige ander vorm van elektroniese kommunikasie en selfs emojis.

As iets negatiefs geplaas word, is dit nie net die persoon wat dit geskep het wat in die moeilikheid kan kom nie maar ook enige ander persoon wat daarop reageer, dit weer aanstuur na ander of wat dit ontvang en niks daaromtrent doen nie. Die potensiaal vir laster word breed gedefinieër soos deur die howe en die Menseregte Kommissie aangedui is.

2. WENKE

Met die bogenoemde in gedagte wil ons graag die volgende wenke aan die hand doen om enige misstappe van u kind op sosiale media te minimaliseer:

- a) Beklemtoon by u kind dat **dit 'n voorreg en nie 'n grondwetlike reg** is om 'n selfoon of enige ander digitale voorwerp in jou besit te hê en te gebruik nie.
- b) Lig u kind duidelik in dat die aanlynwêreld nie apart van die aflynwêreld staan nie. Daar is nie aparte wette wat aanlyn geld nie.
- c) In Suid-Afrika is 'n kind krimineel aanspreeklik op die ouderdom van 14 en kan hy verantwoordelik gehou word vir aanlynplasinge en dis irrelevant of die persoon 'n volwassene is of nie.
- d) Beklemtoon en wys aan u kind uit dat die besit, ontvangs, vertoon of verspreiding van godslasterlike en/of vulgêre inhoud/taalgebruik/haatspraak, pornografie van enige aard en/of onwelvoeglike of etnies aanstootlike inhoud, 'n oortreding is van die skool se gedragskode en sekere landswette. Gevolge vir dié wangedrag kan lei tot konfiskering van die selfoon met die SIM kaart, 'n dissiplinêre verhoor, skorsing en dalk 'n aanbeveling vir uitsetting deur die hoof van die Gauteng Onderwysdepartement.

Verder, as dit enigsins enige inhoud bevat wat die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, die Kinderwet, die Wet op Teistering, die Wet op Films en Publikasies, die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) ook bekend as SORMA oortree kan die Kinderbeskermings-eenheid van die SA Polisie ook betrek word vir moontlike kriminele oortredings en kan u kind se naam ook aangeteken word op die register van seksoortreders as hy 18 jaar en ouer is.

- e) Moedig u kind aan om u in sy vertroue te neem as hy onveilig voel of as hy/sy aanlyn geteister word of selfs afgepers word met die dreigement dat onvanpaste beelde aan u as ouers of aan ander persone gestuur sal word of as hy dalk onvanpaste skakels na webwerwe met enige onvanpaste inhoud ontvang.
- f) Dring daarop aan dat u 'n vriend op u kind se Facebook blad en Instagram is en ook dat u enige tyd toegang mag verkry na sy selfoon. Moenie enige onvanpaste gedrag van u kind wat aanlyn plaasvind verdra nie. As dit aanhou neem die

Bladsy 3 van 4

H/S OosMoot: Selfoon en Sosiale Media gebruik deur leerders

selfoon weg en kanseleer die SIM kaart. Nie net betaal u die rekening nie maar u is verantwoordelik vir enige onvanpaste inhoud op u kind se selfoon.

- g) Beperk die tyd wat u kind aanlyn verkeer deurdat u 'n toepassing soos Netnanny kan koppel aan u kind se selfoon. U maak **nie** inbreuk op u kind se privaatheid nie, intendeel u tree op as 'n verantwoordelike ouer.
- h) Beklemtoon dat u kind eerder nie selfies moet deel met ander nie want dit kan onderskep word deur ongure persone wat gedurig die internet "troll" vir sulke foto's en selfs ook deur ander leerders en dan die kind se gesig te kopieer en te manipuleer deur kunsmatige inligtingsagteware en dan ongewenste of onsedelike vervaardigde afbeeldings/inhoud maak en te plaas op pornografiese platforms, dit verkoop of selfs dit kan gebruik om u kind af te pers met die vervaardigde afbeeldings of om die kind te kontak en voor te doen dat hulle ook van dieselfde ouderdom as die kind is om verdere afbeeldings te kry asook om onweloweglike voorstelle te maak of die kind gereed te maak met beloftes van geld ens.
- i) Lig u kind in dat die deelname aan aanlynmisbruik 'n kriminele oortreding is. Soos alreeds gemeld, kan dit iets eenvoudig wees soos om 'n plasing te "like" of selfs net met 'n emoji of "sticker" te antwoord.

3. VERANTWOORDELIKHEID

U word weereens daarop gewys en dit kan nie oorbeklemtoon word dat dit u verantwoordelikheid is om toe te sien dat u kind sosiale media op 'n verantwoordelike manier gebruik en u en u kind verantwoordelik is om skoolreëls na te kom.

4. BELEIDE EN GEDRAGSKODE

Die skool se sosiale media beleid en die gedragskode word eenvormig toegepas op alle gevalle van kuberboelie en/of die misbruik van sosiale media wat onder die skool se aandag kom.

Baie gevalle van die misbruik van sosiale media vind buite skoolure plaas en dit kan 'n groot impak op enige persoon in die skoolgemeenskap hê waar die skool enigszins geïmpliseer word direk en/of indirek of die skool se goeie naam en eer in gedrang kom.

Ter afsluiting, wil ons as skoolbestuur en die beheerliggaam erken dat ons kinders sosiale media burgers is en nie eintlik sonder dit kan klaarkom nie, maar soos enige kommunikasie meganisme kan dit uitgebuit word en wil ons graag u samewerking as ouers vra om die bogenoemde te oorweeg as u met u kind gesels oor die gebruik van sy/haar selfoon en enige ander elektroniese apparate.

Oos-Moot groete

S THERON
TOESIGHOUENDE HOOF

Bladsy 4 van 4

H/S OosMoot: Selfoon en Sosiale Media gebruik deur leerders